
## MICHAEL LINDT KONSERT




Ons het die wonderlike geleentheid gekry om 'n sangaand met die bekende Michael Lindt te kon reël. Dit sal DV op 27 Mei om 18:00 plaasvind. Hy gaan by hierdie geleentheid sy nuwe CD bekendstel. Kaartjies @ R100 is beskikbaar by die kerkkantoor, asook by ds Danie en lidmate wat bereid was om kaartjies te verkoop. Beperkte bespreekte plekke is @ R120 beskikbaar. Die kombuis sal gedurende die pouse oop wees vir verversings: Boepensbroodjies, Sop en brood, Kerrie-en-Rys, sap, koeldrank, koffie en tee, sjokolade, chips. Kom ondersteun asseblief—hierdie is konsert is 'n belangrike deel van ons fondsinsameling en is beslis waarde vir geld!

Michael is nie net 'n sanger nie, maar het ook reeds 'n aantal liedjies vir verskeie ander kunstenaars liedjies geskryf o.a. Kurt Darren ('Heidi') , Nicholis Louw ('Ek is daar vir jou'), Romanz en Julius Magan. In sy vrye tyd help hy graag met sang en musiek vir minderbevoorregte skole. Deur sy besige skedule, is hy ook die musiekdirekteur van Kerk 24/7.

Op sy 1ste CD, 'Sal vir altyd Bly', het hy 11 van die 13 liedjies geskryf. Sy eerste "single", IS JY NIE MEER LIEF VIR MY, was onderskeidelik nommer 1 en 2 op RSG en Jacaranda FM se trefferlyste. Sy 2de album 'Lewe vir vandag' is tans vrygestel en is vervaardig deur Werner Beukes en Darryl de Lange, waarvan verskeie liedjies alreeds op trefferparades verskyn. Inteendeel, sy liedjie, ELKE WOLK HET 'N SILWER RAND was nommer 1 op die gewilde Groot FM Top 20. Hy doen ook 'n duet met Anna Davel.

Hy het ook TV verskynings gemaak op: Noot vir Noot, Kwêla, Jukebox, DKNT, Opskop, Noot vir Noot Potpourri, Toks & Tjops, JAM en Musiek Roulette. Drie van Michael se musiekvideos kan op YouTube gesien word. Michael was ook die aanbieder by die Punt Hoërskool se STARGANZA vanjaar. Hy vind aanklank by oud en jonk!

Michael is baie betrokke by liefdadigheidsorganisasies na aan sy hart soos 'Up with downs', Livingball en Pink Trees for Pauline. Hy het ook saam met die Parkdene Laerskool 'n album vrygestel wat in Nederland versprei word.

Michael sing die temalied van Pink trees for Pauline, 'What the World needs', wat ook geskryf is deur Adri van Nieuwenhuizen en getoonset is deur Michael. Dit is ook beskikbaar op sy jongste album 'Lewe vir vandag'.



ONS EER GOD MET LIEFDEVOLLE OMSIEN EN UITREIK

# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

**AFKONDIGINGE: 14 MEI 2017**

*"Julle was dood deurdat julle gesondig het en deurdat julle sondige natuur nog nie weggeneem was nie. God het julle egter saam met Christus lewend gemaak deurdat Hy ons al ons sondes vergewe het". (Kolossense 2:13)*

## PROGRAM VIR VANDAG

**DEUROFFER:** Spesiale offer vir die Instandhouding.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R-6 vir Kinderkerk in die saal na die kinderoomblik in die diens. Gr 7-8 ontmoet oom Johan by die saal na die diens. Gr 9 ontmoet ds Danie 10:00 in die kerk se konsistorie. Gr 10-11 soos deur ds André en ds Robert gereël.

**NUWE INTREKKERS:** Baie welkom in ons midde - mag u verblyf tot seën wees! Die dominee sal u graag na die diens voor die kansel wil ontmoet.

## VOLGENDE SONDAG

**EREDIENS:** Om 09:00 in die kerk (ds André) en 09:30 op Vleesbaai (Ds Danie).

**DEUROFFER:** Spesiale offer vir Christelike Lektuurfonds.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R-6 vir Kinderkerk in die saal na die kinderoomblik in die diens. Gr 7-8 ontmoet oom Johan by die saal na die diens. Gr 9 het nie kategese nie. Gr 10-11 soos deur ds André en ds Robert gereël.

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**KLEINGROEPE:** Vergader soos onderling gereël. Nuwelinge kan die kerkkantoor (tel. 6903552) kontak vir meer inligting.

Ds Danie: Maandag 15:00 Santos 2; Dinsdag om 09:30 in die konsistorie.
Ds André: Dinsdag om 09:30 Bybelstudie in die saal.
Ds Robert: Dinsdag om 09:00 Bybelstudie te 17de Laan pastorie en om 19:00 Tienie Bothastr. Boekleesgroep 19:00 te 17de Laan 18.

**Dinsdag:** Gebedsbyeenkoms om 17:15 in die konsistorie. Almal welkom.

**Woensdag:** Santos Haven Biduur om 15:30 (ds Danie).

**Donderdag:** Om 06:00 bid die manne saam in die kerksaal (onder verhoog).

***Onthou ons gemeente se webblad: www.suidkerkmsb.co.za***

**BANKBESONDERHEDE**

**Dankoffers:** *Absa Mosselbaai, rek.no. 207 058 0031*
**Geloofsoffers:** *Absa Mosselbaai, rek.no. 207 016 7886*

## BELANGRIKE INFO

**DEUROFFER:** Spesiale offer vir Blommekomitee was R1461-90 en Vleesbaai Geboue was R796-00

**KOSKAS:** MEI is **Streek B** se beurt om bydraes te maak vir die koskas. Droë produkte, groente, blikkies en gevriesde produkte, asook kontant-bydraes kan by die kerkkantoor of die dienswerker afgegee word. Navrae Joey (073 2988 142).

**SAAMKUIER NA DIENS:** Lekker koffie en tee word na die diens in die saal bedien. Kom kuier lekker saam en leer mekaar beter ken.

**KRUISPA✞:** Vanaand vir Hoërskool-jeug van 18:00-20:00 in die saal. Kom kuier saam en gesels oor dinge wat saak maak.

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word genooi om na die erediens die dominee te kom ontmoet.

**GLOBAL DAY OF PRAYER:** Is vanjaar DV op 4 Junie van 16:00 tot 17:30 in die VGK in Grunterstraat.

**HUISVESTING:** Die dame vir wie ons blyplek soek, het by Benevolent Park aansoek gedoen. Sy benodig egter tydelik blyplek - is daar iemand wat vir haar 'n karavaan kan leen? Skakel die kantoor of ds André.




**BAIE DANKIE:** Die Here was vir my goed. Hy was genadig, toetse toon dat daar tans geen teken van kanker is nie, hiervoor dank en prys ek Sy naam. Ek wil ook graag hiermee dankie sê vir die omgee, ondersteuning en liefde wat ek van almal ontvang het. Dít en jul gebede het my gedra gedurende die 8 maande van my siekte en behandeling wat nou voltooi is. ***Theo Oosthuizen***

**WEGBREEK VIR VROUE:** Bring jou handwerk en kom geniet 'n gratis gesellligheid saam met ander vroue. Woensdae 10:00-12:00 in die kerksaal. Kontak Elizabeth by: 082 705 9780.

**GEOPENDE DEURE:** Besoek saam met Pastoor Manu van Suid-Oos Asië, Mosselbaai. Volgens Geopende Deure se waarnemingslys van 2017 is die lande waar vervolging die vinnigste toeneem in Suid en Suid-Oos Asië. Dit is waar Pastoor Manu vandaan kom. Hy bring slegs een besoek in George en een by Mosselbaai-Suid (Suidkerk). Dit is egter oop vir alle gelowiges en veral die wat vir Geopende Deure ondersteun, ongeag denominasie.
**Wanneer:** Sondagmiddag, 21 Mei
**Waar:** Suidkerk kerksaal **Tyd:** 17:00

**DROË VRUGTE TE KOOP**

<u>Geskilde perskes</u>: R85 p/kg
R45 p/500g

<u>Ongeskilde perskes</u>: R65 p/kg
R35 p/500g

<u>Pruime</u>: R65 p/kg
R35 p/500g

<u>Rosyne</u>: R50/kg

As u nie in kantoorure kan koop nie, skakel asb vir ds Robert by 044-6912244.



## GEBEDSBULLETIN

***Tema vir Mei: Regerings***
***Lees Rom 13***

**Hierdie week se DANKSEGGING**:
* Vir lande (soos Zambië) waar die regering uitgesproke is oor die Here as hoogste gesag.
* Vir meer en meer gebedsbyeenkomste - vra die Here vir 'n wonderwerk soos in 1994.
* Vir lidmate wat met hulle gawes in die gemeente dien bv. die eiendoms-bediening.
* Die voorreg van aardse sekuriteite.

**Hierdie week se SMEKING:**
* Die dominees se Pinkster-voorbereiding.
* Vir die regering om die knie voor die Here te buig en te bely :Jesus is die Here" (Fil 2:9-11).
* Dat ons "'n stil en rustige lewe kan lei tot eer van God".
* Genesing vir ons land - rassisme, ekonomie, onsekerhede, onderlinge verdeeldheid, korrupsie, werkloosheid, radikale transformasie, grondverdeling.
* Bid dat daar Goddelike ingrype en deurbrake sal kom in onrus en geweld in Coligny!
* Die saak waarin ses skole oor hul godsdiensbeleid deur die Organisasie vir Godsdiensonderrig en Demokrasie (Ogod) voor die hof gedaag word, wat van 15 tot 17 Mei in die hooggeregshof in Johannesburg aangehoor word. Die Federasie vir Beheerliggame van Suid-Afrikaanse Skole (Fedsas) verteenwoordig die 6 skole in die saak. Die NG Kerk is as vriend van die hof (amicus curiae) by die saak betrokke.
* Reën vir die Wes-, Noord- en Oos-Kaap. Hoewel die Wolwedansdam baie water het, is dit by ons ook droog en die boere het reën nodig.
* Pierre Lambrechts en byna 100 vrywilligers wat namens Arbeidsbediening na werksplekke gaan met die Woord.

**PERSOONLIK:** Inwoners van Santos Haven se drie siekeboeë, Kenani, Huis Elsjé, Benevolent Park, Ons Huis, Huis Caro en Ons Rus. Die volgende lidmate herstel na operasies, hospitalisasie, siekte tuis, of beleef ander krisisse:

Pam Strydom Santos Haven, Willenie Breytenbach Santos Haven, Amanda Steyn Santos Haven, Francois du Toit 21ste Laan, Anna Basson Santos Haven, Jan van der Merwe Hartenzicht, Edwin du Toit Tienie Bothastr, Alwyn Marx Fijnboschpark, Joyce Scholtz Heidevilla, Sophie Honiball Vleesbaai.
**STERFTE:** Suster van Hessie Botha Kenani.